



# Bio-Tricho

## beheer swamsiektes (control of fungal diseases)

Agro-Organics

Newsletter 3

5 Sep. 06

## BIO-TRICHO vir beheer van wortel- en boggrondse swamsiektes

Bio-Tricho bestaan uit spore van die swam *Trichoderma harzianum*. Hierdie swam is 'n bekende parasiet op ander swamme, veral wortelverrottingswamme soos **Phytophthora**, **Pythium**, **Fusarium**, **Rhizoctonia**, asook van die boggrondse patogene soos **Botrytis**. Die formulase bestaan uit spore van die swam in 'n poeier wat as draer dien. Die produk word boggronds toegedien @ 400g/100L water, terwyl dit vir beheer van wortelpatogene vanaf 1,6 kg/ha tot 2 kg/ha toegedien word. Byvoeging van Molasse teen 'n konsentrasie van 200ml/100L water verhoog die aktiwiteit van die swam.

Die swam se werking is al deur verskeie navorsers bestudeer. Swamdrade van *Trichoderma harzianum* krul om die swamdrade van die betrokke patogeniese swam sodra kontak gemaak word en die patogeniese swam word ensiematies verteer. Sien bygaande foto.

By groentegewasse moet die swam voor of tydens planting in die grond ingewerk word. Dit is ook raadsaam om saailaie met saailinge direk voor uitplanting in 'n spoorsuspensie van die swam te doop .



Bio-tricho consists of spores of the fungus *Trichoderma harzianum*. This fungus is a well known parasite on other fungi especially root rot fungi

like **Phytophthora**, **Pythium**, **Fusarium**, **Rhizoctonia**, as well as above ground diseases like **Botrytis**. The formulation consists of spores of the fungus in a powder which act as carrier material for the fungus spores. The product is applied above ground @ 400g/100L water, while for control of root diseases it is applied at 1,6 kg/ha up to 2 kg/ha. Addition of molasses at a concentration of 200ml/100L water stimulates the activity of the fungus.

The mode of action of the fungus has been studied by several researchers. Mycelium of the fungus *Trichoderma harzianum* curls around fungal threads of the specific pathogenic fungus as soon as contact is made between the two fungi and the pathogenic fungus is dissolved enzymatically. See photo.

With vegetable diseases the fungus spores must be worked into the soil before or during planting. It is advisable to dip seedling trays containing seedlings in a spore-suspension directly before planting

## Agro-Organics Intern

Dit is vir ons 'n riem onder die hart om van groot suksesse, wat produsente met ons middels het, te verneem. Die voordeel vir agente is legio. Kontak [hans@agroorganics.co.za](mailto:hans@agroorganics.co.za) vir opleiding ten opsigte van gebruik en toepassings van ons produkte. NOTA: Die venster periode vir die toepassings van ORGANIES GESERTIFISEERDE produkte is uiters krities ten opsigte van effektiwiteit. Maak asseblief seker dat u dit verstaan voordat u aanbevelings maak.

It is good to hear from producers about major successes regarding efficacies of our products. The advantages for agents are legio. Contact [hans@agroorganics.co.za](mailto:hans@agroorganics.co.za) for training regarding the use and applications of our products. NOTE: The window period for applying ORGANIC CERTIFIED products is critical and influences the efficacy of our products. Please ensure, that you understand this before making recommendations.

Ons nuusbriewe is beskikbaar op ons webwerf onder PUBLICATIONS.

Our news letters are available on our website under PUBLICATIONS.

Dianay Roos het onlangs by ons aangesluit en behartig nou algemene administrasie en u eerste kontak met ons. Welkom aan haar.

Dianay Roos has joined us recently and will manage general administration and be your first contact with us. Welcome to her.

Any technical challenges can be addressed to:

[strauss@agroorganics.co.za](mailto:strauss@agroorganics.co.za)

Or just investigate our web-site:

<http://www.agro-organics.co.za>